KREMETART STYL

LOUIS NEL

John Naka het na 'n besoek aan Suid-Afrika in 'n brief aan die Pretoria Bonsai Kai geskryf: "I am especially happy to see you utilizing your own native materials, such as Acacia, Wild Olive etc.... but most of all, that great super Boabab tree. I was overwhelmed by that tree and the greatness of nature, I felt I was a tiny piece of dust lying on the mountain. I know its shape and style, I will study and transform its greatness into a bonsai by using other materials and I hope you all do the same. I feel that the boabab tree can become a bonsai for your part of the country."

Met John Naka as inpirasie en die Wildevy plantjies as materiaal kan daar voortgegaan word met die nabootsing van die Kremetartboom styl.

Die volwasse Kremetart styl kan as volg gedefinieer word :

1. Die stam is die fokuspunt en gee 'n gevoel van stabiliteit en karakter.
2. Die stam is regop en dik met min of geen sytakke.
3. Die primêre takke begin hoog teen die stam en is dik en stabiel en wys in alle rigtings (soek altyd na son).
4. Takke is informeel gekronkel en nie reguit nie.
5. Die sekondere takke is van minder belang want daar is nie baie fyn groei nie.

Die materiaal wat gebruik kan word is steggies wat reeds redelik sterk gegroei het. Hierdie steggies word tot een boom omvorm. Die tegniek wat gebruik word is eerstens om van die bas plek-plek te stroop, tweedens die kambuims by mekaar te laat pas en derdens dit dan vas te draai. Die boompies vorm dan 'n eenheid wanneer hulle vasgroei.

Beplanning is van uiterste belang. Elke boompie se plek in die geheel moet vooraf vasgestel word.

Elke boompie moet in die toekoms aan ten minste een ander boompie vasgroei. In die meeste gevalle moet elke boompie met 'n boompie aan weerskante vasheg.

Die volgende stappe word gevolg:

1. Bepaal elke boompie se plek.
2. Ken aan elke boompie 'n nommer toe en merk dit aan. Gee aandag aan die posisie van die wortels.
3. Maak aan die bas van elke boompie 'n merk om die lengte en dikte van die snitte aan te dui.
4. Maak eweredige skoon snitte met 'n skoon mes tot in die sagte hout.
5. Pas die boompies teen mekaar sodat snitte in mekaar pas.
6. Draai die boom met verbande aan mekaar vas as 'n eenheid.
7. Plant die boom in 'n diep houer.
8. Stileer die boom se takke om die Kremetart styl aan te neem.

Die finale houer vir die styl is diep en reghoekig om die kolosale voorkoms meer te beklemtoon. Nadat alle steggies vasgegroei het, word die verbande verwyder. Hopelik sal die boom ook voldoen aan die standaarde vir 'n goeie bonsai.